

GENERAAL J.B.M. HERTZOG AS KAMPVEGTER VIR DIE KAAPSE REBELLE, 1902-1903

P.W. Vorster

General J.B.M. Hertzog as champion of the Cape rebels, 1902-1903

In this article an attempt was made to shed more light on General J.B.M. Hertzog's endeavours to enforce the rights and reinstate the freedom of the Cape rebels in 1902-1903. The Cape government's proclamation, issued after the peace of Vereeniging, which dealt with the conditions of release of the rebels, greatly upset Hertzog. He saw it as a violation of the undertaking on amnesty which the British government had made to the Boer delegates at the peace. Hertzog felt that this was very unjust towards the rebels. Because of his acute sense of justice and fairplay, Hertzog felt obliged to act on their behalf. He therefore registered his serious objection to the Cape authorities against this injustice. Despite the disappointing and even insulting replies which his representations elicited he persevered in his struggle for the rights of the rebels. During Joseph Chamberlain's visit to Bloemfontein in February 1903, Hertzog earnestly – and as it proved, successfully – appealed to him for justice for the rebels. This post-war action taken by Hertzog was certainly an important training-school for the political struggle he was to conduct for the rights and freedom of the Afrikaner in later years.

In hierdie artikel is daar gepoog om meer lig te werp op genl. J.B.M. Hertzog as kampvegter vir die regte en vryheid van die Kaapse rebelle, 1902-1903. Die proklamasie wat die Kaapse regering ná die vredesluiting op 31 Mei 1902 oor die voorwaardes vir vrylating van rebelle uitgevaardig het, het Hertzog hewig ontstel. Hy het dit beskou as 'n verbreking van die amnestie-onderneming wat die Britse regering tydens die vredesberaad aan Boere-afgevaardigdes oorhandig het. Hierdeur is daar 'n groot onreg aan die rebelle gepleeg. Weens sy fyn sin vir reg en geregtigheid het hy hom geroep gevoel om vir hulle in die bresse te tree en hy het dan ook ernstig beswaar by die Kaapse overheid teen dié onregpleging gemaak. Niteenstaande die teleurstellende en selfs beleidige antwoorde wat hy op sy vertoe ontvang het, het hy volhard om vir die regte van die rebelle te veg. Met Joseph Chamberlain se besoek in Februarie 1903 aan Bloemfontein, het Hertzog ook op hom 'n ernstige – en soos dit sou blyk, 'n suksesvolle – beroep gedoen om reg aan die rebelle te laat geskied. Hierdie na-oorlogse optrede van Hertzog was vir hom bepaald 'n belangrike oefenskool vir sy latere jarelang politieke stryd vir die regte en vryheid van die Afrikaner.

Inleiding

Alhoewel daar oor die jare heen baie oor die politieke en staatkundige loopbaan van genl. J.B.M. Hertzog geskryf is¹, is min bekend oor sy stryd teen die veronregting van owerheidsweë waaronder die Kaapse rebelle na die Vrede van Vereeniging (31 Mei 1902) moes ly. Selfs Le Roux, Coetzer en Marais verwys in hul tweedelige politieke biografie oor die strewe en stryd van Hertzog² net terloops na sy bemoeiing met die Kaapse rebelle³. Weliswaar maak Van

Vergelyk L.E. Neame, *General J.B.M. Hertzog* (London, 1930); C.M. van den Heever, *Generaal J.B.M. Hertzog* (Johannesburg, 1943); Oswald Pirow, *James Barry Munnik Hertzog* (Kaapstad, 1957); P.J. Nienaber (red.), *Gedenkboek J.B.M. Hertzog* (Johannesburg, 1965); F.J.d.T. Spies et al (reds.), *Die Hertzogtoesprake I-VI, 1900-1942* (Johannesburg, 1977); *Hertzogannale 1942-1968; Generaal J.B.M. Hertzog-gedenklesings 1971-1988*; J.L. le Roux, P.W. Coetzer en A.H. Marais, *Generaal J.B.M. Hertzog: sy Strewe en Stryd* (Johannesburg, 1987).

2. J.L. le Roux, P.W. Coetzer en A.H. Marais, p. viii.
3. *Ibid.*, p. 54.

den Heever in sy omvattende lewensbeskrywing van Hertzog melding van die generaal se beywering vir die vrylating van die rebelle maar hy doen dit slegs aan die hand van aanhalings uit 'n brief wat Hertzog in dié verband aan die Kaapse goewerneur geskryf het⁴. Die beweeg-rede, verloop en gevolge van Hertzog se vertoe tot die Kaapse owerheid en goewerneur oor die onregverdige behandeling van die rebelle het egter tot dusver min aandag van historici ontvang. Met hierdie studie word daar getrag om meer lig op hierdie eerste na-oorlogse politieke stryd en skoling van genl. Hertzog te werp.

Genl. Hertzog en die vredesberaad

Die politieke en staatkundige loopbaan van Hertzog het in werklikheid met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog (1899–1902), toe hy nog 'n regter op die regbank van die Republiek van die Oranje-Vrystaat was, 'n aanvang geneem. Eers het hy asregsadviseur vir president M.T. Steyn en die Vrystaatse regering opgetree, en later as veggeneraal saam met genl. C.R. de Wet tot die bittereinde van die oorlog deelgeneem. Nadat die Britse magte Bloemfontein en Pretoria beset het en die twee republieke geannekseer is, het daar 'n nuwe wending in die oorlog gekom toe Vrystaatse kommando's aan die einde van 1900 die Kaapkolonie binnegeval het. So het genl. Hertzog in Desember 1900 en Januarie 1901 met sy kommando tot groot ontsteltenis van die Britse militêre opperbevel die Kaapkolonie sover as Vanrhynsdorp binnegedring. Hiermee het hy die voorbeeld aan ander Republikeinse kommando's gestel wat dan ook tot en met die vredesluiting op 31 Mei 1902 groot dele van die Kaapkolonie beheer het.

In die vredesonderhandelinge het Hertzog as Vrystaatse verteenwoordiger en veral as regsgelerde 'n prominente rol gespeel. Hy was een van die vyf kommissielede wat namens die volksafgevaardigdes van die twee Republieke met lord Kitchener en lord Milner oor vredesvoorraarde van 18 tot 28 Mei 1902 in Pretoria onderhandel het.⁵ Tydens die samesprekinge het die kommissielede in private gesprekke met Kitchener en Milner ook op amnestie aan die Koloniale rebelle aangedring.⁶ Hoewel die rebelle saam met die Republikeinse magte geveg het, was hulle in der waarheid Britse onderdane wat hulle aan hoogverraad skuldig gemaak het. Die Boereleiers kon dus nie amnestie aan hulle formeel as een van die vredesvoorraarde stel nie.

Hertzog en die ander lede van die kommissie, soos generaals L. Botha, C.R. de Wet en J.C. Smuts, wat gedurende die oorlog Natal en die Kaapkolonie binnegeval het, het hulle dus ook verantwoordelik gevoel vir die lot van die Kolonianers wat by hulle aangesluit het. Daar is tewens na hulle dikwels as die Koloniale broers verwys.⁷ Verder was die Boereleiers ook bewus van die Britse owerheid se optrede teen die rebelle gedurende die oorlog. Behalwe die Spesiale Hoogverraadhowe wat op aandrang van die Imperiale regering in Natal⁸ en in die Kaapkolonie⁹ ingestel is, is daar ook onder krygswet groot getalle rebelle deur die militêre

4. C.M. van den Heever, pp. 187–189.

5. J.D. Kestell en D.E. van Velden, *The Peace Negotiations between Boer and Briton in South Africa* (London, 1912), p. 97; C.R. de Wet, *De Strijd tusschen Boer en Brit* (Amsterdam, 1902), p. 384.

6. J.D. Kestell en D.E. van Velden, p. 136.

7. C.R. de Wet, pp. 304, 324 en 386–387; C. Headlam (ed.), *The Milner Papers II: South Africa 1899–1905* (London, 1933), p. 221; M.H. Grant, *History of the War in South Africa 1899–1902*, IV (London, 1910), p. 206.

8. *Natal Government Gazette*, 31.7.1900 (The Special Court Act, No. 14, 1900).

9. *Cape of Good Hope Government Gazette*, 12.10.1900 (The Indemnity and Special Tribunals Act, No. 6, 1900).

howe tot tronkstraf en swaar boetes gevonnis; 34 rebelle is ook tereggestel.¹⁰ Die belang van hierdie medestryders het die Boere-onderhandelaars na aan die hart gelê, en hulle moreel verplig laat voel om as hulle pleitbesorgers op te tree. Amnestie aan hulle was weliswaar vir hulle net so 'n saak van erns as die vredesvoorwaardes. Reeds op 5 Maart 1900 het die twee staatspresidente in 'n telegram aan die Britse premier, lord Salisbury, oor die beëindiging van die oorlog as 'n vereiste gestel dat daar nie teen die Britse onderdane wat wapen teen hulle owerheid opgeneem het, opgetree sou word nie.¹¹ Tydens die eerste vredesamespreking wat genl. Botha op 28 Februarie 1901 op Middelburg met Kitchener gevoer het, het hy amnestie aan die Koloniale rebelle as een van die vredesterme gestel.¹² Manne soos president Steyn en J.H. Hofmeyr (*Onse Jan*), leier van die Afrikanerbond, was na vredesluiting dan ook teleurgesteld dat daar nie ook algemene amnestie aan die rebelle toegestaan is nie.¹³

Hoewel amnestie aan die Koloniale rebelle nie formeel op die vredesberaad bespreek kon word nie, was die Britse onderhandelaars en hul regering nietermin deeglik bewus van die belangrikheid daarvan vir die Boere-afgevaardigdes. In 'n poging om die beëindiging van die oorlog te bespoedig, is hierdie versoek van die Boereleiers waarskynlik simpatiekoorweeg. Milner het dan ook die versoek van die kommissielede aan sy regering oorgedra.¹⁴ Trouens, Kitchener het reeds na sy samespreking met Botha op 28 Februarie 1901 te Middelburg Botha se eis om amnestie aan die Koloniale rebelle by sy regering gesteun, maar Milner, die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika en Joseph Chamberlain, minister van kolonies van die Imperiale regering, wou destyds nie daaraan toegee nie.¹⁵

Op die laaste dag van die Pretoria-vredesonderhandelinge (28 Mei 1902) het Milner saam met die finale vredesvoorwaardes van die Britse regering ook 'n dokument oor die amnestiereme wat die Kaapse regering bereid was om aan die rebelle aan te bied, aan die Boerekommissie vir kennisname oorhandig¹⁶ (Na hierdie amnestievoorwaardes sal verder as die Pretoria-dokument verwys word).

Soos blyk uit die briewe wat Hertzog op 20 Oktober 1902 aan die Kaapse prokureurgeneraal, T.L. Graham,¹⁷ en op 27 Oktober 1902 aan goewerneur W. Hely-Hutchinson¹⁸ geskryf het, het hy hierdie formele amnestieverklaring van die Kaapse regering net so belangrik en bindend op die betrokke partye beskou as die vredesdraktaat wat hy en die ander Boereleiers op 31 Mei 1902 onderteken het.

10. J.H. Snijman, "Rebelleverhoor in Kaapland gedurende die Tweede Vryheidsoorlog met spesiale verwysing na die militêre howe, 1899-1902", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 25, 1962, p. 67.
11. C.R. de Wet (Telegram: Staatspresidente – Lord Salisbury, 5.3.1900), pp. 397-398.
12. Cd. 528, *Papers relating to negotiations between Commandant Louis Botha and Lord Kitchener, 28.2.1901*, pp. 2-7; L.S. Amery (ed.), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, V (London, 1907), pp. 184-189.
13. N.J. van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn: 'n Lewensbeskrywing II* (Kaapstad, 1921), p. 102; J.H. Hofmeyr and F.W. Reitz, *The life of Jan Hendrik Hofmeyr (Onse Jan)* (Cape Town, 1913), p. 579.
14. Transvalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TAB), Fotokopieë van dokumente in die Public Record Office London (FK) 1216: Minutes of meeting of Commission with Lords Kitchener and Milner at 28th May, 1902, pp. 955-961.
15. L.S. Amery (ed.), V, pp. 185-186; G. Arthur, *Life of Lord Kitchener II* (London, 1920), pp. 25-26.
16. Cd. 1096, *Correspondence respecting Terms of Surrender of the Boer Force in the Field*, Telegram, Chamberlain – Milner, 27.5.1902, p. 8; J.D. Kestell en D.E. van Velden, p. 137.
17. Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (KAB), AG 2056, lêer 183: J.B.M. Hertzog – T.L. Graham, 20.10.1902.
18. KAB, GH 23/64, nr. 475: J.B.M. Hertzog – W. Hely-Hutchinson, 27.10.1902; TAB, FK 875, CO 48/567: W. Hely-Hutchinson – J. Chamberlain, 8.12.1902.

Hertzog en die Kaapse rebelle

Sonder dat Hertzog daarop voorbedag was, het hy kort na die Vrede van Vereeniging weer eens by die lot van die Kaapse rebelle betrokke geraak. In die begin van Junie 1902 het hy en sy eggenote na Kaapstad vertrek vir 'n vakansie op sy neef W.F. Hertzog se plaas Bergvliet, naby Constantia. Hy wou ook van die ruskans gebruik maak om die afgelope oorlog in oënskou te neem en die geskiedenis daarvan te skryf. Onderweg na Kaapstad het hulle 'n paar dae by mev. Hertzog se ouers op Stellenbosch oorgebly waar prof. J.I. Marais Proklamasie 100 wat die Kaapse Goewerneur op 11 Junie 1902 uitgevaardig het,¹⁹ onder Hertzog se aandag gebring het.²⁰ In hierdie proklamasie het die Kaapse regering regsgeldigheid aan die Pretoria-dokument verleen. Hertzog het tot sy ontsteltenis gemerk dat sekere bepalings in die proklamasie drasties afwyk van die Pretoria-dokument en dit sou meebring dat sowat 700 persone²¹ wat nog in aanhouding verkeer het, van die aangebode amnestie-voordele uitgesluit word.²² Dit het Hertzog as 'n groot onreg van die Kaapse owerheid teenoor die rebelle beskou. Hy het hom dan ook geroepe gevoel om as hulle kampvechter op te tree, soos hy dit ook later baie duidelik aan Graham gestel het: "The position in which I stood against these men compels me to speak on their behalf and will not allow me to desist from so doing until they have been restored to their rights".²³ Deur die uitvaardiging van Proklamasie 100 van 1902 het Hertzog se stryd vir die regte en vryheid van die Kaapse rebelle in alle erns begin. Hiermee het hy die eerste tree gegee op die lang pad van sy politieke stryd om die regte en belang van die Afrikaner en sy taal te handhaaf en te bevorder.

Al wat tot dusver oor hierdie eerste politieke stryd van Hertzog met die Kaapse owerheid bekend is, is 'n afskrif van 'n brief van hom wat hy op 27 Oktober 1902* aan Hely-Hutchinson gerig het. In die brief gee hy 'n volledige en saaklike oorsig van sy vrugtelose onderhandelinge met Graham oor die veronregting van die Kaapse rebelle deur foute bepalings wat in Proklamasie 100 voorkom. Die afskrif van die brief, in sy eie handskrif, is in die Hertzog-versameling in die Transvalse Argiefbewaarplek te vind en is ook in *Die Hertzog-toesprake* opgeneem.²⁶

Pretoria-dokument

Gedurende die verloop van die vredesonderhandelings (April – Mei 1902) het Chamberlain

* Die datum 27 Oktober 1902 bo-aan die brief in die Hertzogversameling is egter deurgehaal en 17 November in 'n anderskleurige ink daaronder geskryf. Dit is nie bekend wie die datumverandering aangebring het nie. In sy biografie oor Hertzog gee Van den Heever die datum van die brief egter as 19 November aan.²⁴ Dit is heel moontlik 'n drukfout. Die oorspronklike datum van die brief aan die Goewerneur moet as 27 Oktober 1902 aanvaar word.²⁵

19. *Cape of Good Hope Government Gazette*, 1.7.1902 (Proklamasie 100 van 1902).

20. F.J. du T. Spies et al (reds.), I, p. 16 (Oorlogsdagboek van genl. J.B.M. Hertzog).

21. T.L. Graham, prokureur-generaal van die Kaapkolonie, het op 25 Augustus 1902 in die Wetgewende Vergadering verklaar dat 700 rebelle nog vonnisse uitdien. Vergelyk Cape Hansard 1902, p. 25.

22. KAB, GH 23/64, nr. 475: J.B.M. Hertzog – W. Hely-Hutchinson, 27.10.1902, p. 113; TAB, FK 875, CO 48/567: W. Hely-Hutchinson – J. Chamberlain, 8.12.1902, p. 78.

23. KAB, AG 2056, lêer 183: J.B.M. Hertzog – T.L. Graham, 20.10.1902.

24. C.M. van den Heever, p. 187.

25. KAB, GH 23/64, nr. 475: J.B.M. Hertzog – W. Hely-Hutchinson, 27.10.1902, p. 109; TAB, FK 875, CO 48/567: W. Hely-Hutchinson – J. Chamberlain, 8.12.1902.

26. TAB, A 32/1: Genl. J.B.M. Hertzogversameling, pp. 37–40; F.J. du T. Spies et al (eds), I, pp. 24–26.

nie alleen die twee koloniale regerings van Natal en die Kaapkolonie deur Milner voortdurend oor die samesprekings op hoogte gehou nie, maar ook hulle sienswyse oor die voorgestelde vredesterme – veral oor hoe daar teen die rebelle opgetree moes word – verneem. As gevolg van hierdie oorlegpleging het J. Gordon Sprigg, Kaapse premier, reeds op 1 Mei 1902 sy kabinet se sienswyse en aanbevelings oor amnestierme aan rebelle wat met vredesluiting nog in die veld was of wat na 12 April 1901 oorgegee het of gevang is, aan Hely-Hutchinson oorgedra vir deursending aan Chamberlain.²⁷ Chamberlain het hierdie amnestievoorwaardes bynawoordeliks op 27 Mei 1902 aan Milner getelegrafeer.²⁸ Hy het hierdie dokument die laaste dag (28 Mei) van die vredesberaad ter inligting aan die Boere-afgevaardigdes oorhandig.²⁹

Die amnestierme in hierdie dokument is in werklikheid 'n voortsetting van die Sprigg-regering se beleid oor die behandeling van rebelle wat hy sedert sy bewindsoornname van die Schreiner-ministerie in Junie 1900 gevolg het. Op aandrang van die Imperiale regering het die Schreiner-kabinet reeds in Mei 1900 wetgewing voorberei vir die instelling van buiten gewone of spesiale hoogverraadhowe wat sonder 'n jurie sou funksioneer.³⁰ Weens verdeeldheid in sy kabinet oor amnestie aan sekere groepe rebelle het W.P. Schreiner egter op 13 Junie 1900 as eerste minister bedank.³¹ Sprigg het hom opgevolg en Richard Solomon, sy prokureur-generaal, het toegesien dat wetgewing wat onder meer voorsiening maak vir die instelling van spesiale hoogverraadhowe onverwyld deur die wetgewende vergadering aangeeneem word. Hierdie wet, die "Indemnity and Tribunals Act" (nr. 6 van 1900) het op 12 Oktober 1900 van krag geword en het jurisdiksie gehad om slegs rebelle te verhoor wat van die begin van die oorlog af tot 12 April 1901 gevang is of oorgegee het.³²

Kragtens hierdie wet is die rebelle in twee hoofgroepe ingedeel: klas I-rebelle wat die leiers en hoofoortreders ingesluit het en klas II-rebelle, waaronder die grootste meerderheid gewone rebelle – die sogenaamde "rank and file" – geresorteer het. Die enigste straf vir die klas II-rebelle sou die ontneming van hulle stemreg vir vyf jaar wees en hiervoor is daar in die genoemde wet spesiale voorsiening gemaak. Ten einde 'n rebel as 'n "ringleader and principal offender in any act of High Treason or Crimes of a political Character" vir verhoor deur die spesiale howe aan te wys, moes daar deur die prokureur-generaal vasgestel word of hy (1) die vyand uitgenooi het om die Kaapkolonie binne te val, (2) in diens van die owerheid of vrederegter was, (3) 'n offisier in die Boeremagte was, (4) beslag op die eiendom van Britse onderdane vir eie gewin gelê het en (5) ander Britse onderdane aangehits het om die wapen op te neem.³³

In die Pretoria-dokument is dieselfde indeling van die rebelle in twee klasse gemaak soos wat dit in die "Indemnity and Tribunals"-wet uiteengesit is. Die gewone (klas II) rebelle moes

27. KAB, PMO 294: J.G. Sprigg – Goewerneur, 1.5.1902, pp. 126–129.

28. Cd. 1096, *Correspondence respecting terms of surrender of the Boer Force in the Field: Telegram, Chamberlain – Milner*, 27.5.1902.

29. J.D. Kestell en D.E. van Velden, pp. 136–137; TAB, FK 1216: Minutes of meeting of Commission with Lords Kitchener and Milner at the 28th May, 1902, p. 960.

30. C. Headlam, (ed.), p. 109; Cd. 264, Correspondence relating to affairs of the Cape Colony: Chamberlain – Milner, 5.5.1900, pp. 7–8; C.J.S. Strydom, *Kaapland en die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, 1937), p. 111.

31. Vergelyk Cd. 264: Milner – Chamberlain, 13.6.1900, p. 34; C. Headlam, p. 111; C.J. Strydom, p. 116; T.R.H. Davenport, *The Afrikanerbond: the History of a South African Party 1880–1911* (London, 1966), p. 220.

32. *Cape of Good Hope Government Gazette*, 12.10.1900 (The Indemnity and Special Tribunals Act, No. 6, 1900).

33. *Ibid.* (Artikel 23 van The Indemnity and Special Tribunals Act).

met oorgawe slegs 'n skulderkenning van hoogverraad by die resident-magistraat van die distrik onderteken. Hulle enigste straf sou die lewenslange verlies van hul stemreg wees. Wat hulle politieke en burgerregte betref, sou hulle dus swaarder gestraf word as die rebelle wat voor 12 April 1901 oorgegee het of gevang is. Die tweede groep (klas I) het slegs rebelle ingesluit wat 'n vrederegters-, veldkornets- of enige ander amptelike pos in die Kolonie beklee het of wat 'n kommandant in die rebelle- of Boeremagte was. Hulle sou deur gewone siviele howe verhoor en gevonnis word. Die doodstraf sou egter nie opgelê kon word nie. In die Pretoria-dokument word dus minder rebelle as klas I-rebelle aangedui as wat in die "Indemnity and Tribunals"-wet van 1900 die geval was. Dit is opvallend dat daar in die tweede groep (klas I) nie van rebelleleiers melding gemaak word nie.

Hertzog se besware teen Proklamasie 100 van 1902

Ten einde genl. Hertzog se besware teen Proklamasie 100 beter te kan evalueer, word die inhoud van die proklamasie met dié van die Pretoria-dokument in die meegaande tabel vergelyk.

Uit die tabel is dit duidelik dat die proklamasie in twee belangrike aspekte van die Pretoria-dokument verskil. Ten eerste word die rebelle wat sedert 12 April 1901 tot gevangenisstraf gevonnis is en steeds in aanhouding was, uitgesluit van die amnestievoordele soos in die Pretoria-dokument uiteengesit. In die tweede plek is daar in die proklamasie ten opsigte van die klas I-rebelle 'n bykomstige groep rebelle toegevoeg, naamlik leiers en hoofoortreders, soos in artikel 23 van die "Indemnity and Tribunals"-wet van 1900 gedefinieer is.

J.H. Snyman het in sy studie oor die verhoor van die Kaapse rebelle blybaar nie insae gehad nie in die amnestievoorstelle of terme van die Kaapse regering soos wat dit in die Pretoria-dokument opgeneem is, want hy verklaar dat daar in Proklamasie 100 gevolg gegee is aan 'n ooreenkoms wat tussen die Britse regering en die Boere-afgevaardigdes bereik is.³⁴ Soos reeds vermeld, is hier in der waarheid geen sprake van enige ooreenkoms wat aangegaan is nie. Die Kaapse regering het sonder enige onderhandelinge met die Boereleiers hul amnestievooraardes aan Chamberlain voorgelê en hy het dit onveranderd, ter inligting van die Boere-afgevaardigdes, aan Milner gestuur.

As lid van die Boerekommisie wat tydens die vredesberaad informeel met Kitchener en Milner oor amnestie aan die Koloniale rebelle onderhandel het, was Hertzog goed vertrouyd met die inhoud van die Pretoria-dokument. Hy het dan ook onmiddellik opgemerk dat rebelle wat sedert 12 April 1901 oorgegee het of gevang is, volgens Proklamasie 100 van die amnestievoordele wat in die Pretoria-dokument uiteengesit is, uitgesluit is. Daardeur het die vryheid van honderde rebelle in gedrang gekom. Hierdie onreg wat die Kaapse owerheid deur die proklamasie teenoor die rebelle gepleeg het, het Hertzog so ontstel dat hy op 19 Junie 1902 by Graham daarteen ernstig beswaar gemaak het. Hy het aangevoer dat die afwyking van Proklamasie 100 van die Pretoria-dokument geensins in ooreenstemming is met die amnestie-ondername van die Kaapse regering aan die Boere-afgevaardigdes nie. Hoe ernstig Hertzog hierdie saak beskou het, blyk uit die volgende sinsnede uit 'n brief wat hy op 27 Oktober 1902 aan Hely-Hutchinson geskryf het: "... an error so detrimental to the interest of men we had considered ourselves in honour bound to protect in our negotiations with His Majesty's representatives in Pretoria".³⁵ Hy het die prokureur-generaal ernstig versoek om die foutiewe

34. J.H. Snyman, p. 67.

35. KAB, GH 23/64, nr. 475: J.B.M. Hertzog – W. Hely-Hutchinson, 27.10.1902, p. 111; TAB, FK 875, CO 48/567: W. Hely-Hutchinson – J. Chamberlain, 8.12.1902.

bepaling in die proklamasie onverwyld reg te stel. Die prokureur-generaal het homself en sy regering egter probeer verontskuldig deur te antwoord dat die rebelle onder krygswet deur die militêre Howe verhoor en gestraf is en dat die Kaapse owerheid gevvolglik nie enige jurisdiksie oor hulle gehad het nie. Weliswaar was dit die feitlike situasie. Die spesiale Howe het net rebelle verhoor wat voor 12 April 1901 oorgegee het of gevang is. Later, in April 1901, is krygswet oor byna die hele Kaapkolonie afgekondig en is rebelle tot die einde van die oorlog deur militêre Howe verhoor.³⁶

Toe Hertzog na die opheffing van krygswet in September 1902 merk dat dié rebelle nog steeds in tronke aangehou word, het hy op 2 Oktober by Graham verneem waarom die manne nie deur die Kaapse owerheid vrygelaat is nie. Oor die antwoord wat Graham aan hom verstrek het, skryf hy: "To my utter surprise Mr Graham now declared that he was not aware that these men had been included in the amnesty, and expressed his ignorance of the reasons he had given me on the 19th of June, why they had not been included in the proclamation by his government. I further elicited from Mr Graham the assurance that he had not seen the terms of the document submitted to us in Pretoria, from which I had to conclude that the proclamation was drafted without the necessary precaution of referring to the document upon which it was supposed to be based."³⁷ Ten einde enige twyfel oor die inhoud en betekenis van die Pretoria-dokument uit die weg te ruim, het Hertzog toe vir hom 'n kopie daarvan gestuur.

Hierdie onwaarskynlike "onkunde" van die prokureur-generaal oor die Pretoria-dokument bring sy geloofwaardigheid inderdaad onder verdenking. Hierdie dokument is immers woordelik dieselfde as die amnestiereme wat eerste minister Sprigg op 1 Mei 1902 aan Chamberlain voorgelê het en wat in die Pretoria-dokument opgeneem is. Daarby moet ook in gedagte gehou word dat Graham lid van die Sprigg-kabinet was en sy departement het heel waarskynlik volgens gebruik die amnestievoorwaardes vir voorlegging aan die kabinet opgestel. In antwoord op 'n brief van J.C. Smuts oor amnestie aan Kaapse rebelle skryf Graham op 29 Julie 1902: "... the proclamation was drafted to cover the terms of the amnesty minute and so far I am aware included no other terms or conditions."³⁸ Hiermee erken Graham dat hy wel op hoogte met die amnestiereme van die Pretoria-dokument was, maar aan Hertzog meld hy dat hy geen kennis daarvan dra nie!

Spesiale verhoor van rebelle in Kimberley

Vanaf 7 Oktober 1902 het Hertzog as getuie vir een van die beskuldigde rebelle 'n paar dae die sittings van die Spesiale Hof in Kimberley bygewoon. Tydens die verhoor het hy tot sy ontsteltenis vasgestel dat ten minste twaalf van die dertig aangeklaagdes volgens die Pretoria-dokument nie voor die hof moes verskyn het nie. Hulle was in terme van dié dokument gewone rebelle wat na ondertekening van 'n skulderkentenis vrygelaat moes gewees het. Hy het na sy terugkeer in Kaapstad die kantoor van die prokureur-generaal op 14 Oktober 1902 besoek om ernstig protes teen die verhoor en vonnisoplegging van twaalf rebelle deur die Spesiale Hof in Kimberley aan te teken. Die assistent van die prokureur-generaal het hom egter meegedeel dat die betrokke persone aangekla is omdat hulle tydens die tweede inval van

36. J.H. Snyman, p. 67.

37. KAB, GH 23/64, nr. 475: J.B.M. Hertzog – W. Hely-Hutchinson, 27.10.1902, p. 111; TAB, FK 875, CO 48/567: W. Hely-Hutchinson – J. Chamberlain, 8.12.1902.

38. W.K. Hancock and J. van der Poel (eds), *Selections from the Smuts Papers II: June 1902 — May 1910* (Cambridge, 1966), p. 19.

die Republikeinse kommando's in Noord-Kaapland gedurende die tweede helfte van 1901 weer by die Boeremagte aangesluit het en waardeur hulle ook hul borgvoorwaardes verbreek het.³⁹ Hulle is dus as "rebelleleijs" voor die Spesiale Hof gedaag. Hierdie verduideliking het Hertzog geensins bevredig nie, want in die Pretoria-dokument is daar geen verwysing na rebelleleijs en persone wat hul borgvoorwaardes verbeur het nie.

Hertzog het op 20 Oktober 1902 sy besware teen die verhoor van die twaalf rebelle deur die Spesiale Hof in Kimberley ook skriftelik aan Graham herhaal, en dit benadruk dat hy hierdie wederregtelike optrede van die Kaapse owerheid as troubreuk beskou. Die Koloniale regering het nie sy onderneming wat aan die Boere-afgevaardigdes in Pretoria gegee is, gestand gedoen nie. Verder het hy nog eens aangedring op die vrylating van die persone wat sedert 12 April 1901 gevang is of oorgegee het. Hy het dit beklemtoon dat hy hom verplig voel om namens hulle op te tree en dat hy daarmee sal volhou totdat hulle vrygelaat is.⁴⁰

Toe Hertzog geen reaksie op al sy vertoe van die prokureur-generaal ontvang nie, het hy op 27 Oktober 1902 sy besware in 'n lang brief aan Hely-Hutchinson herhaal en 'n ernstige beroep op hom gedoen om toe te sien dat daar reg aan die rebelle geskied. Die vasberadenheid en erns waarmee Hertzog sy stryd ten behoeve van die belang van die rebelle gevoer het, blyk uit die kragtige taal waarmee hy sy brief afsluit:

"With these facts before Your Excellency, the subject of my writing will be clear. While 700 and more men, who already four months ago ought to have been set free, are still pining in their prison cells with others, who ought to have been left to enjoy their liberties, added to swell their numbers, the Government on whose word we relied, when signing the terms of peace, evinces no desire to fulfil its solemn pledges and even goes so far as to violate them by acts of commission. To Your Excellency, therefore, raised above all considerations of party policies, and entrusted with the supreme care over His Majesty's subjects in this Colony, I now appeal on behalf of these men being deprived of their liberty without any justification. The reasons which I feel myself called upon to espouse their cause, will be clear to Your Excellency to whom I have considered it my duty to address myself after my vain appeals to the Government of this Colony and before having recourse to His Majesty's Government in London. I shall, therefore consider myself greatly indebted to Your Excellency if through Your Excellency's intervention it should become unnecessary for me to appeal to a higher resort, and should be grateful should Your Excellency favour me with a reply."⁴¹

Verslag van die prokureur-generaal

Op versoek van die goewerneur⁴² het die prokureur-generaal aan hom 'n verslag oor die brief van Hertzog van 27 Oktober 1902 gestuur.⁴³ Hierin ontken Graham ten sterkste die geldigheid van die besware en aantygings van Hertzog teen hom. Hy bevestig wel dat Hertzog hom verskeie kere besoek het, maar ontken dat Hertzog in sy eerste onderhou met hom op 19 Junie 1902 amnestieverlening aan rebelle wat voor 31 Mei 1902 gevonnis is, te berde gebring het. Hy meld egter nie waaroor die gesprek wel gehandel het nie.

Graham verklaar verder in sy verslag dat hy tydens hul samespreking van 2 Oktober 1902

39. KAB, GH 23/64, nr. 475: J.B.M. Hertzog – W. Hely-Hutchinson, 27.10.1902, p. 112; TAB, FK 875, CO 48/567: W. Hely-Hutchinson – J. Chamberlain, 8.12.1902.

40. KAB, AG 2056, lêer 183: J.B.M. Hertzog – J.L. Graham, 20.10.1902.

41. KAB, GH 23/64, nr. 475: J.B.M. Hertzog – W. Hely-Hutchinson, 27.10.1902, p. 113; TAB, FK 875, CO 48/567: W. Hely-Hutchinson – J. Chamberlain, 8.12.1902.

42. KAB, GH 23/64, nr. 475: Goewerneur – Prokureur-generaal, 19.11.1902, p. 114.

43. KAB, GH 23/64, nr. 475: Report of the Attorney-General, 21.11.1902, pp. 115-116; TAB, FK 875, CO 48/567: W. Hely-Hutchinson – J. Chamberlain, 8.12.1902.

dit duidelik aan Hertzog gestel het dat dit nooit sy regering se voorneme was om die amnestierme (volgens die Pretoria-dokument) ook op die persone wat voor 31 Mei 1902 gevonnis is, van toepassing te maak nie. Hertzog maak egter in sy brief aan die goewerneur glad nie hiervan melding nie. Volgens Hertzog het Graham by dié geleentheid slegs verklaar dat hy nie kennis dra van die Pretoria-dokument nie en dat hy dit betwyfel of dit op die betrokke rebelle enige betrekking sou hê.

Dat dit in der waarheid nooit die Sprigg-ministerie se bedoeling was om aan die persone wat na 12 April 1901 deur die militêre howe getraf is, amnestie te verleen nie, word bevestig deur die indiening van die "General Indemnity"-wetgewing tydens die eerste na-oorlogse sitting van die Kaapse parlement in Augustus 1902. In hierdie wet is al die vonnissoe wat die militêre howe onder krygswet vanaf 12 April 1901 tot met vredesluiting op 31 Mei 1902 opgelê het onder meer deur die Koloniale regering bekragtig en volle verantwoordelikheid daarvoor aanvaar.⁴⁴ Die Kaapse owerheid sou dus toesien dat die vonnissoe van die militêre howe ten volle uitgedien word.

Die uitsluiting van hierdie rebelle van die amnestievoordele was vir Hertzog instryd met die Pretoria-dokument waarin dit duidelik gestel is dat die amnestievoorwaardes sal geld vir alle "British subjects of the Cape Colony, who are now in the field or who have surrendered or have been captured since April 12, 1901".⁴⁵ Indien dit vanuit die staanspoor af die Sprigg-ministerie se voorneme was om die rebelle wat sedert 12 April 1901 gevonnis is, van die amnestievoordele uit te sluit, het dié regering die Boere-afgevaardigdes en die rebelle opsetlik mislei. Dit is teen hierdie oneerlike en slinkse optrede van die Kaapse owerheid waarteen Hertzog so hewig in verset gekom het en wat hy as 'n verbreking van hul beloftes en goeie trou beskou het.⁴⁶

Graham weerspreek in sy verslag nie alleen Hertzog se weergawe van sy onderhoude met hom op 19 Junie en 2 Oktober 1902 nie, maar hy bevraagteken ook die geloofwaardigheid van Hertzog deur te verklaar: "I would like to state generally that Mr Hertzog has entirely misrepresented the terms of the various conversations which he had with me, and his accounts of what transpired at our interviews are so inaccurate as to be practically worthless".⁴⁷ Dit is onbegryplik hoe Graham hierdie inkriminerende aantygings oor die betroubaarheid van 'n man met die statuur van Hertzog kon gemaak het. Toe Hertzog sy besware teen die optrede van die prokureur-generaal aan die goewerneur opgestel het, was hy sekerlik daarvan bewus dat die goewerneur die prokureur-generaal se aanmerkings daaroor sou aanvra. Dit kan dus met stelligheid aanvaar word dat Hertzog seker van die juistheid van sy stellings sou wees. As regsgelerde en oud-regter was hy immers daarin geskool om sy argumente op feite te grond.

Dit is verder verbasend dat ten spyte van sy aanmerkings oor die geloofwaardigheid van Hertzog, Graham tog direk daarna die volgende veelseggende erkentenis in sy verslag maak: "In one respect has Mr Hertzog any ground for complaint. At the sitting of the Special Treason Court at Kimberley in October, twelve persons who had surrendered in terms of the Proclamation under circumstances set forth in the accompanying memorandum were tried for High

44. *Cape Hansard*, Augustus 1902, pp. 22-86; *Cape of Good Hope Government Gazette*, 16.9.1902 (The General Indemnity Act, No. 4, 1902).

45. KAB, PMO 294: J.G. Sprigg – Goewerneur, 1.5.1902, pp. 126-129; Cd. 1096: Telegram, Chamberlain – Milner, 27.5.1902; J.D. Kestell en D.E. van Velden, p. 137.

46. KAB, GH 23/64, nr. 475: J.B.M. Hertzog – W. Hely-Hutchinson, 26.10.1902, p. 112; TAB, FK 875, CO 48/567: W. Hely-Hutchinson – J. Chamberlain, 8.12.1902.

47. KAB, GH 23/64, nr. 475: Report of the Attorney-General, 21.11.1902, pp. 115-116; TAB, FK 875, CO 48/567: W. Hely-Hutchinson – J. Chamberlain, 8.12.1902.

Treason. I am inclined to think, after referring carefully to the terms of the minutes of 1st and 8th May 1902, that these men were entitled to the full benefits of the Proclamation, and under separate cover I am forwarding a minute recommending their release.”⁴⁸

Vonniskwytskelding

Op 1 Desember 1902, sowat ses weke nadat Hertzog beswaar teen die verhoor van die twaalf rebelle op Kimberley gemaak het, het Graham dan ook 'n memorandum aan die Sprigg-kabinet voorgelê sodat goedkeuring vir die vonniskwytskelding van P.J. Snyman en agt ander rebelle wat deur die Spesiale Hof in Oktober 1902 in Kimberley verhoor en gestraf is, van die goewerneur verkry kon word.⁴⁹ In sy motivering van sy besoek kom egter nog verdere erkenntenisse voor. Hy meld eerstens dat Proklamasie 100 nie woordeliks (“verbatim”) met die Sprigg-ministerie se amnestierme (Pretoria-dokument) ooreenstem nie en, tweedens, dat daar doelbewus in die proklamasie 'n klousule ingevoeg is om sekere leiers van die eerste rebellie, wat na borgtoggverlening weer by die vyand aangesluit het, van die amnestievoordele uit te sluit. Sonder om Hertzog se naam enigsins in dié verband te noem, sluit Graham sy versoekskrif af deur te verklaar: “It is now urged on their behalf that since they surrendered after 31st May 1902, they are entitled to the full benefits of the Proclamation i.e. mere disqualification for life. The ground of the argument is that these men were not specially mentioned for punishment at the time that peace was signed. That is undoubtedly true whatever may have been in the mind of the Government. Although therefore these men were ringleaders they are by the letter of the original minutes entitled to the same leniency that other surrendered men have enjoyed.”

Die Sprigg-kabinet het die tersydestelling van die vonnis van P.J. Snyman en die agt ander rebelle by die goewerneur aanbeveel.⁵⁰ Nadat die goewerneur verdere inligting oor die rebelle aangevra het, het hy uiteindelik op 12 Januarie 1903 hul vrylating goedgekeur deur die volgende veelseggende nota bo-aan die memorandum van die eerste minister aan te bring: “I have no alternative but to order these men to be released”.⁵¹ Dit wil dus voorkom of die goewerneur ook nie baie gretig was om die vonnis van die manne wat nooit verhoor moes gewees het nie, kwyt te skeld nie. Van die nege rebelle is dit net P.J. Snyman en vier ander wat tot gevangenisstraf gevennis is en hulle is op 14 Januarie 1903, presies twee maande nadat Hertzog by die prokureur-generaal beswaar teen hulle verhoor aangeteken het, uit die Tokai-gevangenis vrygelaat.⁵²

Hierdie traagheid van die owerheid om die onreg aan die rebelle reg te stel, moes Hertzog nog verder gegrief het. Dit is voorts opvallend dat Graham, wat nie geskroom het om Hertzog se woorde in twyfel te trek nie, in sy genoemde memorandum aan die goewerneur tog verskille tussen Proklamasie 100 en die Pretoria-dokument erken en Hertzog dus daardeur gelyk gee.

48. *Ibid.*

49. KAB, GH 23/64, nr. 475: Memorandum – Attorney-General, pp. 118–119; KAB, CO 2372, nr. 1615: Report of the Attorney-General, 1.12.1902, en Further Report of the Attorney-General, 30.12.1902.

50. KAB, CO 2372, nr. 1615: Eerste Minister – Goewerneur, Desember 1902.

51. *Ibid.*; P.W. Vorster, “Philippus Johannes Snyman (1866–1939), Kaapse rebel tydens die Tweede Vryheidsoorlog (1899–1902)” (ongepubliseerde manuskrip, Pretoria, 1987), p. 8 (Afskrif in RGN-biblioteek, Pretoria en KAB).

52. KAB, CO 2377, nr. 1615: Assistent-resident-magistraat, Tokai – Onder-koloniale Sekretaris, 14.1.1903.

Antwoord van die prokureur-generaal

In opdrag van Graham het sy assistent-sekretaris soos volg op die brief van Hertzog van 20 Oktober 1902 geantwoord:

"The Attorney-General desires me to say that the charges contained therein are without a shadow of foundation.

With regard to the enclosed copy of a letter to His Excellency the Governor, the Attorney-General further desires me to state that it never was intended by the Colonial Government to include in the amnesty persons who had already been sentenced prior to the 31st May, nor did the Attorney-General at any time say anything which could bear such a construction.

I am further desired to add that the Attorney-General takes the strongest exception to the accuracy of the terms of the conversations he had with you as expressed by you in your letter to His Excellency. In every respect these statements are so full of inaccuracies as to be utterly worthless, and the Attorney-General has informed His Excellency accordingly."⁵³

Net soos in sy verslag aan die goewerneur maak Graham Hertzog se deeglik gegronde vertoe ligtelik af deur sy geloofwaardigheid op neerhalende wyse in twyfel te trek. Alhoewel hy Hertzog se besware as "without a shadow of foundation" verwerp, erken hy tog in sy verslag aan die goewerneur en in sy memorandum aan die Sprigg-ministerie en die goewerneur, dat Hertzog se beswaar teen die Kimberley-verhoor wel geregverdig is. Graham openbaar egter nie die hoflikheid en grootmoedigheid om dit ook aan Hertzog ruiterlik te erken en hom die versekering te gee dat sy regering stapte sou doen om die saak reg te stel nie. Hierdie beleidende brief wat Graham aan Hertzog laat skryf het, bewys die minagting en hooghartigheid waarmee hy Hertzog bejeën het.

Eers na sy terugkeer in die Oranjerivierkolonie in Januarie 1903 het Hertzog van die vonniskwytskelding van Snyman en die ander agt rebelle verneem. Hierdie welkomme nuus moes hom in 'n mate verbly het, omdat hy tog iets bereik het in sy pogings om reg aan 'n klein getal rebelle te laat geskied. Dit het hom ongetwyfeld des te meer vasberade gemaak om sy stryd vir die herstel van die vryheid van sy ander strydgenoete wat nog in gevangenis verkeer het, voort te sit.

Antwoord van die goewerneur

Nadat Hertzog geen reaksie op sy maandelange vertoe aan die prokureur-generaal oor die volgens hom wederregtelike aanhouding van rebelle ontvang het nie, het hy op 27 Oktober 1902 'n dringende beroep op die goewerneur gedoen om toe te sien dat daar aan die rebelle amnestie verleen word. Op sy lang en deeglik gemotiveerde pleidooi het hy in Desember 1902, die volgende kortaf antwoord ontvang: "With reference to your letter of the 27th October, 1902, I am directed by His Excellency the Governor to inform you that he has seen a copy of the letter which the Attorney-General has written to you on the subject. His Excellency has nothing to add to it".⁵⁴

Hieruit is dit duidelik dat die goewerneur hom met die aantygings van die prokureur-generaal vereenselwig het. Hierdie minagting en onbeskoftheid waarmee 'n kabinetslid

53. KAB, GH 23/64, nr. 475: Prokureur-generaal – J.B.M. Hertzog, November 1902, p. 117; TAB, FK 875, CO 48/567: W. Hely-Hutchinson – J. Chamberlain, 8.12.1902.

54. KAB, GH 23/64, nr. 475: Goewerneur – J.B.M. Hertzog, 4.12.1902, p. 121; TAB, FK 875, CO 48/567: W. Hely-Hutchinson, 8.12.1902.

(Graham) en die verteenwoordiger van die Britse kroon (Hely-Hutchinson) hom behandel het, moes Hertzog baie diep gekrenk het. Dit is dan heel moontlik ook die rede waarom hy hierdie briewe nie bewaar het nie, want hulle kom nie in die Hertzog-versameling voor nie. Ook Van den Heever wat insae in Hertzog se private korrespondensie en ander dokumente gehad het en persoonlike gesprekke met hom gevoer het,⁵⁵ maak nie hiervan melding nie. Blykbaar het Hertzog in sy latere lewe nooit na hierdie onaangename ondervinding verwys nie.

Die goewerneur het verder die eerbaarheid en geloofwaardigheid van Hertzog ook by Joseph Chamberlain verdag gemaak toe hy op 8 Desember 1902 kopieë van al die korrespondensie oor Hertzog se vernoë ten behoeve van die Kaapse rebelle ter inligting aan hom gestuur het.⁵⁶

Oorlogsdagboek-aantekeninge

Uit die kort kriptiese aantekeninge in Hertzog se oorlogsdagboek blyk dit dat hy gedurende sy lang verblyf op die plaas Bergvliet ook ander persone, afgesien van die prokureur-generaal, oor die wederregtelike aanhouding van die rebelle gespreek het. So teken hy op 19 Junie, 3 Julie en 3 Oktober 1902 aan dat hy met F.S. Malan oor die rebelle gepraat het.⁵⁷ Malan was redakteur van *Ons Land* en is na vredesluiting as lid van die Wetgewende Vergadering vir die kiesafdeling Malmesbury verkies. Malan het self ook in 1901 'n jaar tronkstraf in Tokai uitgedien na aanleiding van 'n artikel in *Ons Land* wat onder die krygswet ontoelaatbaar was.⁵⁸ Malan het op 28 Augustus 1902 in sy eerste parlementêre toespraak tydens die tweede lesing van die "General Indemnity"-wetsontwerp ook daarteen beswaar gemaak dat die gewone rebelle wat voor die uitvaardiging van Proklamasie 100 oorgegee het, nie vir die amnestievoordele in aanmerking geneem word nie.⁵⁹ Tydens sy laaste ontmoeting met F.S. Malan op 3 Oktober 1902 teken Hertzog aan dat hy aan hom voorgestel het dat die parlement ook die posisie van die rebelle moes bespreek.

In die dagboek word ook vermeld dat Hertzog en sy neef, Willem, Tokai op 2 Julie 1902 besoek het, maar dat hulle nie 'n toegangspermit kon verkry nie.⁶⁰ Waar Hertzog so innig by die lot van die rebelle betrokke was, wou hy heel waarskynlik ook persoonlik met hulle in die gevvangenis gesels.

Hertzog en Joseph Chamberlain

Aan die begin van 1903 het Hertzog na Bloemfontein teruggekeer waar hy hom met hart en siel in die stryd vir die regte en belang van sy volksgenote ingewerp het. Hy het hom egter steeds bekommer oor die lot van sy Koloniale medestryders wat nog in die Kaapse tronke aangehou is. Hy het dit duidelik in sy brief van 27 Oktober 1902 aan die Kaapse goewerneur gestel dat indien daar nie aan sy versoek om amnestie aan die rebelle wat kragtens die Pretoria-dokument daarop geregtig was, voldoen word nie, hy verplig sou wees om hom tot die Britse regering te wend.⁶¹

55. C.M. van den Heever, pp. vii-ix.

56. KAB, GH 23/64, nr. 475: W. Hely-Hutchinson – J. Chamberlain, 8.12.1902, pp. 108-121; TAB, FK 875, CO 48/567: W. Hely-Hutchinson – J. Chamberlain, 8.12.1902.

57. F.J. du T. Spies et al (reds.), I, p. 17-20.

58. *Suid-Afrikaanse biografiese Woordeboek I* (Kaapstad, 1968), p. 517.

59. *Cape Hansard* 1902, pp. 72-73.

60. F.J. du T. Spies et al (reds.), I, p. 18.

61. KAB, GH 23/64, nr. 475: J.B.M. Hertzog – W. Hely-Hutchinson, 27.10.1902, p. 113; TAB, FK 875, CO 48/567: W. Hely-Hutchinson – J. Chamberlain, 8.12.1902.

Die eerste geleentheid wat Hertzog gekry het om sy saak oor die veronregting van die Kaapse rebelle aan die Britse kabinet te stel, was toe Chamberlain as minister van kolonies op 6 Februarie 1903 op Bloemfontein 'n Vrystaatse deputasie onder leiding van generaals De Wet en Hertzog te woord gestaan het.⁶² Vooraf is aan Chamberlain 'n petisie oorhandig waarin die versoek en grieve van die Vrystaatse afvaardiging in twaalf artikels kortlik uiteengesit is.⁶³ Dit is opvallend dat artikel vier in die versoekskrif nie oor sake handel waarmee die Vrystaters direk gemoeid was nie, maar oor Kaapse rebelle wat nog in gevangenis verkeer het. Die Kaapse regering is beskuldig van 'n openlike skending van die versekerings wat die Imperiale regering aan die Republiekinse leiers gegee het. Waar die inhoud van hierdie artikel in ooreenstemming is met die vertoë wat Hertzog in Oktober 1902 aan die prokureur-generaal en die goewerneur van die Kaapkolonie gerig het, kan dit aanvaar word dat Hertzog vir die opstelling daarvan verantwoordelik was.* Die hewige woordewisseling wat tussen Chamberlain en Hertzog oor die petisie ontstaan het, het dan ook merendeels oor die Kaapse rebelle gegaan. Uiteindelik het Chamberlain die onderhoud beëindig deur te onderneem om die hele aangeleentheid van amnestie aan die rebelle met die prokureur-generaal in Kaapstad te bespreek.⁶⁴

Voor sy ontmoeting met Hertzog was Chamberlain reeds bevooroordeeld teen hom as gevolg van die insae wat hy in die korrespondensie tussen Hertzog en die prokureur-generaal en die goewerneur gehad het. Daarin het dit geblyk dat die prokureur-generaal nie 'n hoë agting vir Hertzog se betrouwbaarheid gehad het nie.⁶⁵

Voordat Chamberlain Bloemfontein besoek het, het hy ook van Louis Botha en J.C. Smuts vertoë oor amnestie aan Koloniale rebelle aangehoor. Op 5 September 1902 het Botha in 'n onderhoud met Chamberlain in Londen, onder meer vir amnestie aan Nataliese rebelle gepleit. Chamberlain het die versoek egter botweg geweier.⁶⁶ Toe 'n Transvaalse afvaardiging Chamberlain op 8 Januarie 1903 in Pretoria ontmoet, het Smuts ook 'n ernstige pleidooi vir algemene amnestie aan rebelle gelewer.⁶⁷ Hy het dit hoofsaaklik om persoonlike en politieke redes gedoen. Weens sy oorlogsbedrywighede in die Kaapkolonie het hy hom persoonlik verantwoordelik gevoel vir die Kaaplanders wat by sy kommando aangesluit het. Verder was hy daarvan oortuig dat die begenadiging van politieke gevangenes ontevredenheid en verbittering in Kaapland oor die rebelle wat nog in tronke aangehou is, sou laat verdwyn en dus 'n gunstige klimaat vir versoening sou skep. Hoewel konsiliarie tussen Afrikaans- en Engels-sprekendes een van die hoofoogmerke van Chamberlain se besoek aan Suid-Afrika was,⁶⁸ was

* Die petisie is deur tien persone onderteken maar die name van De Wet en Hertzog kom egter nie daaronder voor nie. Miskien het die Generals omdat hulle as leiers van die deputasie opgetree het, dit nie nodig geag om hulle name daaronder te plaas nie.

62. F.J. du T. Spies *et al* (reds.), I, pp. 27-30 (Ontmoeting met Joseph Chamberlain oor verbreking van vredesverdrag van Vereeniging, Bloemfontein, 6.2.1903); J. Amery, *The Life of Joseph Chamberlain IV, 1901-1903* (London, 1905), pp. 353-354.
63. Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), A 49-19: Petitie aan den Ed. Acht. Heer Joseph Chamberlain, Koloniale Secretaris ('n Fotokopie hiervan is goedgunstig deur die Hoof van dié Argief verskaf).
64. F.J. du T. Spies *et al* (reds.), I, p. 29.
65. KAB, GH 23/64, nr. 475: W. Hely-Hutchinson – J. Chamberlain, 8.12.1902, p. 108; TAB, FK 875, CO 48/567: W. Hely-Hutchinson – J. Chamberlain, 8.12.1902.
66. Cd. 1284, *Papers relating to an Interview between the Secretary of State for Colonies and Generals Botha, de Wet and de la Rey*, 5.9.1902, pp. 1-24.
67. W.K. Hancock and J. van der Poel (eds.), I, pp. 67-70; J. Amery, pp. 304-308.
68. J. Amery, p. 358.

hy in daardie stadium nog nie bereid om aan Smuts se versoek toe te gee nie.⁶⁹ Nieteenstaande hierdie weiering van Chamberlain het Smuts en Botha tog hulle heelhartige samewerking aan Chamberlain belowe om sy versoeningsbeleid te laat slaag.⁷⁰

In teenstelling met die Transvaal het Chamberlain se konsiliasiering in die Oranjerivierkolonie 'n koue, selfs 'n vyandige, ontvangs geniet. Sy ontmoeting en onderhoud met Hertzog was bepaald vir hom 'n onaangename ervaring wat hy nie maklik sou kon vergeet nie, want enige jare later het hy nog die volgende opmerking oor Hertzog gemaak: "I mistrusted him from that moment, but I thought very little of his ability."⁷¹

Vrylating van rebelle

Na Chamberlain se teleurstellende besoek aan die Oranjerivierkolonie (weens die onversetlike standpunt van Hertzog) het hy sy reis deur die Kaapkolonie voortgesit om in dié gebied ook steun vir sy konsiliasierbeleid te werf. Tydens sy besoeke aan etlike Kaaplandse dorpe is hy verder ontrugter deur die vyandiggesindheid van baie Kolonialers teen die sogenaamde "townguards" lojaliste en die Kaapse en Britse regerings se ontoegeeflike beleid teenoor die rebelle.⁷²

Dit het Chamberlain laat besef dat sy versoeningspoging en -sending ook in die Kaapkolonie gevaar loop om te misluk. Nadat hy op 18 Februarie 1903 in Kaapstad aangekom het, het hy alles in sy vermoë gedoen om die samewerking en steun te verkry van J.H. Hofmeyr, leier van die invloedryke Afrikanerbond. Hofmeyr was bereid om met Chamberlain saam te werk maar op voorwaarde dat amnestie aan al die politieke gevangenes verleen word.⁷³ Dit was bepaald nie vir Chamberlain maklik om aan die vereistes van Hofmeyr te voldoen nie, want op 8 Januarie 1903 het hy nog tydens 'n onderhoud met die Tranvaalse afvaardiging in Pretoria met volle selfversekerdheid dit beklemtoon dat amnestie "... will not come as a result of pressure".⁷⁴ Na onderhandelings met Hofmeyr moes hy tog uiteindelik na 'n week onder politieke druk sy ontoegeeflike houding oor amnestie aan die Koloniale rebelle laat vaar om te verhoed dat sy konsiliasierveldtog in die Kaapkolonie skipbreuk ly.

Op die vooraan van sy vertrek na Engeland op 23 Februarie 1903 het Chamberlain tydens 'n afskeidsontshaal belowe dat hy sal toesien dat begenadiging aan die politieke gevangenes bespoedig sal word.⁷⁵ Dit kan dus aangeneem word dat hy voor sy vertrek amnestieverlening aan die rebelle met die Sprigg-ministerie en die goewerneur sou bespreek het. Dit het dan ook tot gevolg gehad dat Hely-Hutchinson, op aanbeveling van die Sprigg-kabinet en na oorlegpleging met Chamberlain, op 20 Maart 1903 amnestie aan die rebelle goedgekeur het.⁷⁶ Op 21 Maart 1903, bykans tien maande na die Vrede van Vereeniging, is die oorblywende 380 rebelle uiteindelik uit die Tokai-tronk vrygelaat.⁷⁷ Hierdie rebelle het egter eers in 1906 volle

69. *Ibid.*, p. 308.

70. *Ibid.*, pp. 309-310.

71. *Ibid.*, p. 354.

72. *Ibid.*, p. 374; J.H. Hofmeyr en F.W. Reitz, pp. 582-583.

73. J.H. Hofmeyr en F.W. Reitz, p. 585; J. Amery, pp. 371-372.

74. J. Amery, p. 308.

75. *Ibid.*, p. 378.

76. KAB, GH 35/67, nr. 12, Release of Political Prisoners: Telegrams, Governor – Secretary of State, London, 19-22 January 1903.

77. KAB, TOK 2/15, Release of high treason prisoners, 22.3.1903; J.H. Hofmeyr en F.W. Reitz, p. 585; *De Zuid-Afrikaan verenigd met Ons Land*, 24.3.1903; P.W. Vorster, "Kommandant Jan Vorster, alias Jan Pieter Retief, Kaapse rebel", *Krygshistoriese Tydskrif*, Jg. 7, nr. 4, Desember 1987, p. 149.

amnestie ontvang toe hulle deur wetgewing weer hulle volle burgerregte soos hul stemreg teruggekry het.⁷⁸

Slotopmerkinge

Generaals Hertzog en Smuts asook J.H. Hofmeyr het na die Vrede van Vereeniging as die ver-naamste pleitbesorgers vir amnestie aan die Kaapse rebelle opgetree. Smuts en Hofmeyr wou daardeur versoening tussen die blankes bevorder sodat daardeur 'n sterk verenigde Suid-Afrikaanse nasie tot stand kon kom. Hulle poginge om amnestie of begenadiging te verkry, het hoofsaaklik om humanitaire en politieke redes gegaan. Beide Smuts en Hofmeyr was dan ook sterk ondersteuners van Chamberlain se konsiliaasiebeleid. Daarenteen het Hertzog sy politieke stryd om die vryheid van die rebelle hoofsaaklik op juridies-etiese gronde gevoer. Hy het onverbete daarop aangedring dat die Kaapse regering die onreg wat die rebelle moes ly, deur dat die regering nie sy amnestievoorwaardes wat formeel aan die Boereleiers oorhandig is, nagekom het nie, herstel moes word. Weens sy ingebore sin vir regverdigheid het hy hom van die begin af geroepe gevoel om as hulle kampvegter op te tree.

Die meer as ses maande lange stryd wat Hertzog met die Kaapse en Britse owerheid oor die veronregting van die Kaapse rebelle gevoer het, was bepaald vir hom in meer as een opsig 'n belangrike leerskool vir sy latere jarelange stryd teen die Britse imperialisme. In sy hele politieke loopbaan het hy altyd die regte en belang van die Afrikaner eerste en bo die versoeningsbeleid van Botha en Smuts gestel.

Toe Hertzog aan die einde van 1902 Kaapstad verlaat het, was hy onbewus daarvan dat hy dertien jaar later ook weer daar vir oud-strydmakers in die bresse sou moes tree. Dit het op 30 November 1915 gebeur toe hy tydens die sitting van die Unieparlement in Kaapstad 'n mosie ingedien het waarin hy 'n ernstige beroep op die Botha-regering gedoen het om amnestie te verleen aan genl. C.R. de Wet en sy medegevangenes wat weens hulle deelname aan die "gewapende opstand" van 1914 lang termyne tronkstraf moes uitdien.⁷⁹ Hoewel Botha geantwoord het dat die tyd daarvoor nog nie ryp is nie, is De Wet en sy 119 medegevangenes tog op 20 Desember 1915 vrygelaat. Nieteenstaande die feit dat die rebellie nie Hertzog se goedkeuring weggedra het nie, het hy hom tog in hierdie geval ook geroepe gevoel om as hulle kampvegter op te tree. Hierdie keer kon hy dit as leier van die pas gestigte Nasionale Party en as lid van die Unie-parlement met groter gesag doen as in 1902 toe hy slegs in sy persoonlike hoedanigheid die stryd met die Kaapse regering oor die regte van die Kaapse rebelle aange-knoop het.

AMNESTIETERME AAN KAAPSE REBELLE (1899-1902)

Pretoria-amnestiedokument aan Boere-onderhandelaars op 28 Mei 1902 oorhangdig(*)

His Majesty's Government are informed by the Cape Government that the following are their views as to the terms which would be granted to British Subjects of the Cape Colony now in the Field or who have surrendered or have been captured since April 12, 1901.

With regard to Rank and File, that they should all upon surrender after giving up their

78. *Cape of Good Hope Government Gazette*, 24.8.1906 (Better administration of Justice and Remission of Treason Penalties Act 1906).

79. *Hansard: House of Assembly of the Union of South Africa I*, 19.11.1915-17.6.1916, pp. 24, 66-67.

Arms sign a document before the Resident Magistrate of the District in which surrender takes place acknowledging themselves guilty of High Treason, and that the Punishment to be awarded to them, provided they shall not have been guilty of Murder or other acts contrary to the usages of Civilised Warfare, should be that they shall not be entitled for life to be registered as Voters or to vote at any Parliamentary, Divisional Council, or Municipal Election.

With reference to Justices of the Peace, and Field Cornets of the Cape Colony and all other persons holding an Official Position under the Government of the Cape Colony, or who may occupy the Position of Commandant of Rebel or Burgher Forces, they should be tried for High Treason before the ordinary Court of the country or such special Courts as may be hereafter constituted by law, the Punishments for their Offence to be left to the discretion of the Court, with this proviso, that in no case shall the penalty of Death be inflicted.

Proklamasie 100 van 1902 deur die Kaapse Goewerneur uitgevaardig()**

Now therefore, by virtue of the authority committed to me as Governor of this Colony, I do hereby declare and make known that all British subjects of this Colony, not being persons who at the time of joining the said forces of the said late Republics were in the Commission of the Peace of this Colony, or were Field-cornets, or held an official position under the Colonial Government, or occupied the post of Commandant in the Rebel forces or in the Burgher forces of the said late Republics, or were awaiting trial as ringleaders or principal offenders, as defined in Section 23 of Act No. 6 of 1900, and

- (a) who on or before the 31st day of May, 1902, were in arms against His Majesty's Government, and who shall on or before the 10th day of July, 1902, surrender either to His Majesty's forces or to any duly authorised officer of the Crown, and shall give up their arms, or
- (b) who have since the 12th day of April, 1901, surrendered or been captured, not being persons who have undergone or are undergoing any term of imprisonment in respect of High Treason, or
- (c) who are now in custody as prisoners of war after having been captured or having surrendered after the 12th day of April, 1901, and who shall, after having so given up their arms or having so surrendered or been captured as the case may be, sign a document in the form set forth in the schedule hereto annexed, before the Resident Magistrate of the District in which such surrender takes place (or before a Justice of the Peace), acknowledging themselves to be guilty of the crime of High Treason, shall, after trial and conviction on the said charge before the ordinary Courts of this Colony or such other Court as may hereafter be constituted by law, not suffer the punishment of death, fine, or imprisonment, but will be disqualified for life from being registered as voters or from voting for the election of Members of Parliament or of a Divisional Council or Municipal Council in this Colony: Provided always that such persons shall not have been guilty of the crime of Murder or other acts contrary to the usages of civilised warfare.

And I do further declare and make known that all British subjects of this Colony who, at the time of joining the said forces of the said late Republics were in the Commission of the Peace of this Colony, or were Field-cornets, or held an official position under the Colonial Government, or occupied the post of Commandant in the Rebel forces or in the Burgher forces of the said late Republics or were awaiting trial as ringleaders or principal offenders as defined in Section 23 of Act No. 6 of 1900, and

- (a) who on or before the 31st day of May, 1902, were in arms against His Majesty's Government, and who shall on or before the 10th day of July, 1902, surrender in the manner

- (b) aforementioned, and shall give up their arms, or
 - who have since the 12th day of April, 1901, surrendered or been captured; not being persons who have undergone or are undergoing any term of imprisonment in respect of High Treason, or
- (c) who are now in custody as Prisoners of War after having been captured or having surrendered after the 12th day of April, 1901 shall after trial and conviction on the said charges of High Treason before the ordinary Courts of this Colony, or such other Court as may hereafter be constituted by law, be sentenced to such punishment as the Court may in its discretion inflict, save and provided that in no case shall the death penalty be inflicted: Provided always that such persons have not been guilty of the crime of murder or other acts contrary to the usages of civilised warfare.

(*) J.D. Kestell en D.E. van Velden, *The peace negotiations between Boer and Briton in South Africa* (London 1912), p. 136-137.

(**) Cape of Good Hope Government Gazette, 1.7.1902, Proclamation 100 of 1902.